INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 97 1 0 1 6 2 8 9 | 8 | 13622 |

Beeld Jg............ Nr..................... P. 1 ......... Dat. 16 OCT 1997

# AHI antwoord op vrae oor Sasria-geld

## Staat 'het ook reg op dié reserwes'

Flip Meyer

Hy besef dat daar baie argumente is oor wie 'n reg het op die reserwes van die SA Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria), maar dit is in landsbelang dat daar so gou moontlik salf op die wonde van die verlede gesmeer word. Hoe gouer Sasria ontbind, hoe beter.

Só het mnr. Theo van Wyk, president van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), gister in 'n onderhoud met Sake-Beeld gesê.

Dit is aan mnr. Van Wyk gestel dat daar sienings in die bedryf vir korttermyn-versekering is dat die polishouers van Sasria immers 'n reg op die geld het.

Sasria het boonop beleggingsinkomste en nie net premie-inkomste nie. Sasria se reserwes staan op sowat R10 miljard.

Die AHI het in sy voorlegging aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) gesê dat 'n deel van die reserwes aangewend moet word vir vergoeding aan diegene wat onder apartheid gely het. Hieroor is daar meningsverskil.

Dié soort versekering word nou as onnodig beskou omdat die risiko van politieke oproer grootliks verdwyn het.

Mnr. David Hersch, 'n raadgewer oor korttermynversekering, sê hy raai mense aan om tot 'n groot hoogte ontslae te raak van dié versekering omdat die tydvak verby is dat skade aan besittings aangerig word weens politieke oproer.

Mense wat egter in bepaalde gebiede woon, kan in 'n mate die versekering nodig hê as daar 'n risiko sou wees wat beskou sou kon word as politieke oproer.

Hersch meen daar is geldigheid in die siening dat die polishouers sekere aansprake op dié reserwes het.

Van Wyk wys daarop dat die staat as herversekeraar opgetree het en dus bepaalde risiko's op hom geneem het. Niemand anders was in die begin bereid om dit te doen nie. Die staat het ook gehelp met die bou aan Sasria se reserwes, sê Van Wyk.

Dit het egter later geblyk dat die premie-inkomste wat Sasria kry, voldoende is en dat die staat nie as herversekeraar geld uit die staatskas hoef te neem nie.

Die beginsel is egter dat die staat as die herversekeraar moes optree, omdat daar internasionaal nie sulke versekering gekry kon word nie, sê Van Wyk.

Hy sê Sasria is 'n artikel 21-maatskappy.

'n Regsproses moet gevolg word voor besluit kan word om die maatskappy se reserwes vir 'n ander doel aan te wend. Van Wyk meen dit moet sou gou moontlik geskied.

Van Wyk meen dat die geld aangewend kan word om mense op te lei om hulle beter toe te rus vir die toekoms.

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Meyer Flip
3 Onderhoude
4 Presidente
5 AHI
6 Voorstelle
7 Sasria
8 Vergoeding
9 Slagoffers
10 Diskriminasie